

11

GESKIEDENIS IS BELANGRIK

Geskiedenis leer ons iets oor die toekoms

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLINGS

Die kinders en ouers moet weet dat geskiedenis ons leer om God vir die toekoms te vertrou.

SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

Kennis

Die kinders en ouers moet weet dat geskiedenis hulle belangrike feite oor God en die toekoms leer.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om God met die toekoms te vertrou.

Vaardigheid

Die kinders moet voorbeelde uit die verlede kan noem waar God vir sy kinders gesorg het.

MEER INLIGTING

- Ons praat op verskillende maniere oor die verloop van tyd.
- Ons praat van die *verlede* as tyd wat klaar verby is.
- Die *hede* is dit wat nou gebeur, en die *toekoms* is tyd wat nog nie gebeur het nie.
- Die *verlede* is geskiedenis wat ons ken.
- Die *hede* is die oomblik waaroor ons die meeste beheer het.
- Ons kan wonder, beplan, voorspel, maar ons weet nie hoe die *toekoms* lyk nie.
- In die boek Josua leer ons dat dit wat in die verlede gebeur het en in die hede gebeur, jou rustigheid oor die toekoms kan gee.
- Al wat hy en sy volk nog moes doen, was om die Jordaanrivier oor te steek, en dan sou hulle woestynlewe verby wees. Die volk was baie onseker.
- Josua was hulle nuwe leier en hulle het hom nie so goed geken nie.
- Hulle het nie geweet wat wag in die toekoms nie.
- Gaan God ook by Josua wees soos by Moses?
- Die Here praat toe met Josua oor die toekoms.

- In Josua 1: 8c staan daar: *...(jy sal) slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees.*
- Die Here herinner Josua daaraan dat Hy nog altyd vir hulle gesorg het, en dat Hy hulle ook in die toekoms sal versorg en aan hulle behoeftes sal voorsien.
- Dit het beteken dat die volk God moes glo en vertrou.
- In ons eie lewens kan ons sien waar God ons beskerm het, ons gebede verhoor het, vir ons gesorg het.
- Ons het uit die geskiedenis geleer dat ons God in die toekoms kan vertrou soos Hy in sy verbond aan ons belowe het.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- 'n Ruimte waar die kinders en hulle ouers gemaklik bymekaar kan sit.
- Maak seker jy het jou navorsing voltooi by verlede week se **BY DIE HUIS**.

KOM ONS BEGIN

- Heet al die ouers welkom by die tweede gesinsles.
- Verduidelik aan hulle die doel van die byeenkoms, en nooi elkeen uit om spontaan aan die bespreking deel te neem.
- Begin met 'n gebed, of laat een van die ouers 'n gebed doen soos vooraf met hom of haar gereël.

HET HULLE ONTHOU?

- Kontroleer of die kinders in staat is om die memoriseerteks van verlede week op te sê.
- Bespreek die aktiwiteit wat die kinders gedurende die week moes voltooi.
- Lei 'n bespreking saam met die gesinne oor sake in en om die gemeente. Gebruik die vrae in verlede week se **BY DIE HUIS** vir die gesprek.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Die kategeet lei nou 'n gesprek in waaraan die gesinne spontaan kan deelneem.
- Laat elke gesin vertel van 'n gebeurtenis uit die verlede waar hulle iets waardevol geleer het vir die toekoms. Dit kan 'n positiewe of minder positiewe gebeurtenis wees en hoef nie noodwendig oor geloof te handel nie.
- 'n Voorbeeld van so 'n vertelling is waar 'n gesin eenkeer met vakansie gegaan het en toe op 'n grondpad, ver van enige hulp, 'n los klip onder die wiel uitgeskiet het en 'n gat in die brandstoftenk geslaan het. Die hele gesin het benoud geword toe hulle sien dat die brandstof besig is om uit die tenk te lek. Skielik het die ma onthou dat haar oupa baie jare gelede eenkeer 'n stukkie badseep gebruik het om 'n brandstofkannetjie se lekplek te stop. Die pa van die gesin het gou 'n stukkie seep uit die bagasie gehaal en 'n stuk daarvan afgebreek, dit effens natgemaak en dit met sy duim op die lekplek vasgedruk. Daardie stukkie seep het die lek dig toegemaak totdat hulle die tenk uiteindelik by die volgende dorpie laat herstel het.

- Die leerdoelwit van die gesprek is dat die gesinne saam gesels oor die waarde wat die geskiedenis het wanneer ons leef met omstandighede in die hede en die toekoms, nie net met lekplekke in brandstoftenks nie, maar veral in ons geloof.

IETS INTERESSANT

Die gesinne gaan self by **IETS OM TE DOEN** die inhoud van hierdie les bemeester.

IETS BELANGRIK

Prent dit by die kinders in om die verband te sien tussen die verlede en die hede en die toekoms in God se verhouding met sy kinders. Hulle bekommernis oor die toekoms kan verander as hulle gaan kyk na wat ons in die verlede oor God geleer het. God was getrou in die verlede, is dit nou en sal ook in die toekoms getrou bly. Dit is wat Hy in sy verbond aan sy volk belof het.

V+H+T=Gv of (Verlede+Hede+Toekoms = God se versorging)

IETS OM TE DOEN

Laat die gesinne in gesinsverband die inhoud by **WAT LEER EK VANDAG** in hulle boeke deurlees en die volgende tabel voltooi:

Verlede	Hede	Toekoms
<p>Wat het die volk in die verlede oor God geleer?</p> <ul style="list-style-type: none"> • God het aan hulle 'n land belof. • God het 'n verbond met die volk. • God het hulle uit Egipte bevry. • God het vir hulle gesorg in die woestyn. • God was nog altyd by sy kinders. • God het hulle gebede verhoor. • Hy het sy kinders gevoed. • God het hulle gelei tot hier, amper by die beloofde land. 	<p>Wat was die gevoel van Josua en die volk in Josua 1: 1-9?</p> <ul style="list-style-type: none"> • Baie onseker oor die pad vorentoe. • Ken nie vir Josua nie. • Onbekend met stadslewe en boerdery. • Onseker oor hulle krag. • Vol vrae en bekommernis. • Bang en verlate. 	<p>Wat het hulle geleer oor die toekoms?</p> <ul style="list-style-type: none"> • God se beloftes word altyd waar. • God se verbond met die volk staan altyd vas. • God sal hulle weer bevry soos uit Egipte. • God sal vir hulle sorg soos in die woestyn. • God sal altyd by sy kinders wees. • God sal hulle gebede verhoor. • Hy sal sy kinders voed. • God sal hulle verder lei tot in die beloofde land.

Opsionele aktiwiteit

- Indien daar 'n museum in die omgewing is, kan die gesinne saam beplan aan 'n geleentheid om die museum te besoek en spontaan gedagtes te wissel oor die waarde wat die geskiedenis het vir die toekoms.

BY DIE HUIS

DOEN

Die kinders gaan hierdie week saam met hulle gesinne Bybelstudie doen uit een van ses gedeeltes. (Dit staan hulle vry om al ses te doen.) Uit hierdie gedeelte wat hulle gekies het, gaan hulle neerskryf wat ons van God leer en hoe dit ons leer om in die toekoms op God te vertrou.

Teksgedeelte	Wat leer ons in hierdie gedeelte oor God?	Wat leer dit my oor die toekoms?
Eksodus 3: 16-21		
Psalm 23: 1-6		
Jesaja 43: 1-5		
Lukas 1: 26-38		
Romeine 8: 31-39		
1 Johannes 4: 7-21		

LEER

Ons memoriseerteks vir hierdie week is Josua 1: 9: *Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan.*

AFSLUITING

Bedank die gesinne vir hulle deelname en vir die gedagtes wat hulle kom deel het.

Lees of sing Gesang 275: 1 en 3 as gebed om die byeenkoms mee af te sluit.

1. *O God van Jakob, deur u hand
word steeds u volk gevoed;
U het weleer op see en land
ons vadere behoed.*
3. *Berei vir ons die lewenspad –
wil deur u Gees ons lei;
en as ons val, o Vader, vat
ons hand en staan ons by.*
4. *Bewaar ons, Heer, in alle nood;
hou oor ons lewe wag.
Wil kleding skenk, gee daaglik brood –
ons deel vir elke dag.*

Die kinders en ouers moet weet dat geskiedenis hulle belangrike feite oor God en die toekoms leer.